# ESSENTIAL HARDWARE GROUP

## EIENAARBESTUURDE WINKELS

# Pietria Hardeware

## ESSENTIAL 2008 WINKEL VAN DIE JAAR!

Besoek Pietria Hardeware, Essential Hardware se winkel van die jaar vir 'n wye reeks produkte wat iedereen se benodigdhede sal pas. Vriendelike en behulpsame personeel wag om u te bedien.



Piet, Pieter, Ria en Hannes Van Nieuwenhuizen










Na 34 jaar in Munisipale diens waarvan 13 jaar as Stadstesourier in Meyerton , het Piet van Nieuwenhuizen besluit dat dit tyd was om die privaatsektor te betree. Die bestaande hardeware winkel "Gert Oosthuizen" is met ingang 1 Maart 1996 oorgeneem. Na vele oorweginge is besluit op die naam Pietria Hardeware wat 'n kombinasie is van Piet en Ria, sy vrou se naam.

By oorname het die personeel uit 6 lede bestaan, wat gegroei het tot die huidige sterkte van 28. In die 12 jarige bestaan van Pietria Hardeware is verskeie mylpale bereik. In die begin het die bestuur uit Piet en Hannes (voltyds) en Pieter (Deeltyds) bestaan met Ria wat na 2 jaar aangesluit het om dit 'n volledige familie besigheid te maak. 'n Nuwe gebou is opgerig en in Februarie 2006 in gebruik geneem. Waar die ou winkel 'n oppervlakte van 800 vier kante meter gehad het, beslaan die nuwe winkel 'n oppervlakte van 2500 vierkante meter. Die oppervlakte van die perseel beslaan 3880 vierkante meter.

In die uitbou proses van die besigheid het die verskeidenheid in items vanaf 8000 tot 27 000 vermeerder wat bykans in alle hardeware, boubehoeftes en industrieël kan voorsien.

Gedurende 2002 is Pietria Hardeware, deur die Meyerton Sakekamer as die Kleinhandel besigheid van die jaar aangewys.

In Junie 2008 word Pietria as 'Store of the year' deur die Essential Hardware group aangewys vir uitstaande diens en ondersteuning aan die groep wat uit 176 winkels landswyd bestaan.

As bestuur van Pietria Hardeware wil ons al ons kliente in die Midvaal en omliggende gebiede bedank vir u ondersteuning, waarsonder ons nie hierdie prestasies en diens kon bereik nie. Ons streef steeds daarna om beter diens aan u te lewer.

Ons dank gaan ook aan die 'Essential Group' wat ons in staat stel om kompeterende pryse op 'n bree vlak aan ons kliente te bied, asook ons personeel wat deel is van ons sukses.



180 WINKELS EN STEEDS AAN DIE GROEI

HAAL & BETAAL

**Vir handelsnavrae skakel ons by:**

**0860 104 220**

**www.essentialgroup.co.za**

## PIETRIA HARDEWARE

**26 REITZ STRAAT**
**MEYERTON SENTRAAL MEYERTON**

**016 362-0038/9**